



PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

GRONDBONE-ALLERGIE

INLEIDING

- Grondbone-allergie is 'n moeilike voedselallergie aangesien dit baie algemeen is, dit moeilik is om blootstelling te vermy, en in sommige gevalle kan selfs baie klein hoeveelhede 'n simptome laat begin.
- Grondbone is een van die mees algemene voedselverwekte oorsake wat anafilakse veroorsaak, en dit is 'n ernstige voedselallergie.
- Die onvoorspelbaarheid van grondbone-allergie beteken dat streng vermyding aanbeveel word, en 'n sorgvuldige behandelingsplan (vir wanneer grondbone per ongeluk ingeneem word), is van groot belang.

HOE ALGEMEEN IS GRONDBONE-ALLERGIE?

- Grondbone-allergie raak al meer algemeen in lande soos die VK en die VSA, in dat soveel as 1:50 kinders nou allergies is vir grondbone.
- Ons het nie presiese data omtrent Suid-Afrika nie, maar dit blyk dat grondbone-allergie in die afgelope jare ook hier toegeneem het. Daar bestaan verskeie teorieë omtrent die rede vir die toename, maar tot op hede is daar geen duidelike antwoorde nie.

WAT IS GRONDBONE?

- Die grondboon is nie 'n ware neut nie: Dit is 'n lid van die peulplant (boon) familie. Ander lede van die peulplantfamilie sluit sojabone, lensies, tuinertjies en kekerertjies in.
- Hulle verskil van “boomneute” wat in der waarheid aan bome groei, en sluit pekanneute, haselneute, okkerneute, amandels, kasjoeneute, Brasiliaanse neute en makadamianeute in.
- Die proteïene in grondbone verskil baie van die in boomneute, hoewel omtrent 30% van grondboon-allergiese pasiënte ook vir een of meer boomneute allergies is. Aangesien grondbone 'n peulplant is, is daar 'n skraal kans op kruis-reaktiwiteit met ander peulplante soos ertjies (5-10%).

- Kinders met grondboon-allergie staan ook 'n groot kans om eierallergie en sesamesaad-allergie te hê.
- Kokosneute en dennepitte is sader eerder as neute, en die meerderheid neut-allergiese mense kan dit verdra.

KLINIESE KENMERKE VAN GRONDBOON-ALLERGIE

- Meeste allergiese reaksies wat aan grondbone verwant is, toon onmiddellike reaksies. (IgE-bemiddeld”) vind binne minute tot ure nadat voedsel wat grondbone bevat, ingeneem is, plaas.
- Die meerderheid van allergiese reaksies tot grondboon en boomneute is matig, soos huiduitslag/urtikaria en braking.
- Sommige allergiese reaksies tot neute kan ernstig wees, en veroorsaak dat dit moeilik is om asem te haal as gevolg van die keel wat toeswel of asma of die daling in bloeddruk. Dit staan as anafilakse bekend.
- Sommige mense wat vir grondbone allergies is, is uiters sensitief vir selfs die kleinste hoeveelheid grondbone, bv. as hulle iemand wat onlangs grondbone geëet het, soen, kan hulle 'n reaksie toon.

DIAGNOSE VAN GRONDBOON-ALLERGIE

- 'n Gedetailleerde geskiedenis sal die waarskynlikheid van 'n allergie en die voedselsoorte wat heel moontlik betrokke is, aandui. Dit sal opgevolg word deur toetse wat bepaal wat die reaksie op grondbone is, en kan moontlik 'n velpriktoets en 'n bloedtoets (immunoCAP) vir grondbone se spesifieke teenliggaam insluit. Daar moet ook vir verwante voedsel soos boomneute getoets word. Selfs meer gespesialiseerde bloedtoetse wat individuele komponente van grondboon proteïen (soos die Arah2 fraksie) ondersoek, is beskikbaar, en behoort deur 'n spesialis geïnterpreteer te word.
- Hoewel die uitslae van hierdie allergietoetse 'n riglyn is ten opsigte van 'n persoon se allergieë, kan dit nie voorspel of die reaksie matig of ernstig sal wees nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat nie alle persone met 'n positiewe vel- of bloedtoets vir grondbone in der waarheid allergies is nie.
- In gevalle waar daar onsekerheid bestaan, sal die Allergie-spesialis heel moontlik 'n gekontroleerde voedsel uitdaging aanbeveel om vir grondbone-allergie te toets.

Dit beteken dat daar aanvanklike klein hoeveelhede grondbone aan die persoon gegee word, en die hoeveelhede dan vermeerder word. Dit vind onder gekontroleerde omstandighede bv. in 'n hospitaal plaas.

BEHANDELING VAN GRONDBONE-ALLERGIE

Vermydning

- Tans is vermyding die enigste bewysde behandeling vir grondbone en boomneutallergieë.
- Dit is belangrik om etikette van alle verpakte, geprosesseerde voedsel, gebakte items, graankosse en gesondheidskosse sorgvuldig te bestudeer.
- Wees veral versigtig tydens kinderpartytjies en by Oosterse restaurante.
- Kinders moet hulle eie neutvrye middagetes skool toe neem, en moet sorg dat hulle nie voedsel deel of uitruil nie.
- Verskeie skole het 'n neutvrye beleid aangesien hulle die realiteit van neutallergieë by die skool beseef.
- Verskeie etikette mag aandui dat die produk klein hoeveelhede neute mag bevat, indien daar selfs die skraalste moontlikheid is dat kruiskontaminasie met neute tydens die vervaardigingsproses kon plaasvind. Oor die algemeen moet persone wat ernstige allergieë of reaksies op selfs klein hoeveelhede neute toon, voedsel wat hierdie waarskuwing bevat, heeltemal vermy.

Noodbehandeling

- Dit is uiters moeilik om grondbone en boomneute totaal te vermy, en die meeste mense wat allergies is vir neute, sou al per ongeluk daaraan blootgestel wees. Die risiko is hoër in jong kinders, aangesien daar 'n risiko van kruiskontaminasie bestaan, wanneer daar in groepe geëet en gespeel word, waar voedsel en speelgoed gedeel word.
- Versorgers by skole, familieleden en vriende moet ingelig wees omtrent die allergie en weet wat om te doen tydens 'n noodgeval. 'n Persoon wat allergies is vir grondbone moet 'n duidelike aksieplan hê met stappe wat geneem moet word indien hy per ongeluk voedsel wat neute bevat, inneem. So 'n aksieplan moet hoogsigbaar wees by die huis en in die skool/werksomgewing.
- Die pasiënt moet te alle tye toegang hê tot hulle noodbehandeling. Vir minder ernstige reaksies kan antihistamine voldoende wees. Vir ernstige reaksies, sal adrenalien wat ingespuut moet word, nodig wees.

- Die Allergie-spesialis moet besluit oor die moontlikheid vir 'n ernstige reaksie by elke individue en besluit of hy 'n adrenaline outo-inspuitpen gaan voorskryf. Die hoë-risiko pasiënte moet opleiding ontvang omtrent die gebruik van die adrenalië inspuitpen en dit ten alle tye saam met hom/haar dra.
- Grondboon-allergiese individue moet 'n Medic Alert of soortgelyke armband dra, vernameam indien hulle ernstige allergie toon of ook aan asma ly.

Eksperimentele behandeling

Verskeie deurlopende studies ondersoek nuwe behandelingsbenaderinge soos 'n mondelinge desensitiseerder met grondbone. Die proses van mondelinge desensitisasie is egter tans nog in die navorsingsfase.

Tabel 1: Voedsel wat neutre bevat of moontlik neutre kan bevat

- Grondbonebotter, gemengde neutre, grondboonolie *
- Gebakte produkte, koekies, soutbeskuitjies, pastye
- Graankosse, muesli
- Oosterse disse, Indonesiese disse, Taiwanees disse, Vegetariese disse
- Pesto
- Gesondheidstafies
- Sjokolade, lekkers, nougat, marsepein
- Groentevette en olies, hidrolise groenteproteïë, "natuurlike" bymiddels
- Worcestershire-sous
- Kosmetiese middels/rome wat neutolie of grondboontjie-olie bevat

*Hoogsverfynde grondbone-olie bevat baie min grondboneproteïë en bepaalde studies dui aan dat dit veilig is om te gebruik.

DIE NATUURLIKE GESKIEDENIS VAN GRONDBONE- EN BOOMNEUT-ALLERGIEË

- Met tyd sal omtrent 20% van kinders met grondbone of boomneutallergieë hulle allergie ontgroei; 20% sal erger raak en 60% sal onveranderd bly, met dieselfde ernstigheid. Dit is onmoontlik om betroubare voorspellings te waag oor wie beter sal raak, wie erger sal raak en wie dieselfde sal bly, so gereelde (jaarlikse) ondersoeke deur 'n spesialis word aanbeveel. Indien die allergie tydens tienerstadium voortduur, sal dit heel moontlik nie verdwyn nie.

- Sommige mense met grondbone-allergie ontwikkel met tyd 'n nuwe allergie vir soortgelyke of verwante voedsel. Hoewel baie mense met grondbone- of boomneut-allergieë aanbeveel word om neute te vermy, is dit nie duidelik of dit die ontwikkeling van 'n nuwe allergie sal voorkom nie.
- Baie allergie-spesialiste probeer presies vasstel vir watter neute die persoon allergies is, en as daar vasgestel word dat daar bepaalde neute is wat hulle kan verdra, word hulle aangemoedig om meer daarvan in hulle suiwer vorm te eet, sodat hulle nie oor tyd 'n allergie vir daardie neut sal ontwikkel nie.

GRONDBONE GEDURENDE SWANGERSKAP EN BORSVOEDING

- Tot 'n klompie jaar gelede is swanger vroue en ma's wat geborsvoed het, aangeraai om neute te vermy sodat hulle kan probeer om die kans op allergie by hulle kinders te verminder. Daar is egter nie 'n aanduiding dat dit die neutallergieë verlaag het nie, so vermyding van neute tydens swangerskap en borsvoeding word nie meer aanbeveel nie.
- Verskeie studies is tans aan die gang om te probeer bepaal wat die beste tyd is om "hoë-allergie" voedsel soos grondbone en eier aan 'n baba bekend te stel. Resultate van hierdie studies word gretig afgewag. Die huidige bewyse stel voor dat die bekendstelling aan neute enige tyd na die ouderdom van 6 maande kan gebeur.

OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

2013



Vertaling deur CIPLA geborg